

Leer jou kind om met geld te werk

Jong Tieners: Basiese Begrotings

Vanaf **ouderdom 8 tot 12** is jou kind **gereed om te leer** van geldeenhede, **doelwitte** en meer **komplekse begrotings**.

Korttermyn-doelwitte

Spoor jou kind aan om **korttermyn spaardoelwitte** te stel as deel van 'n **weeklikse begroting**, soos om 'n ekstra lekkerny te kan bekostig.

Langtermyn-doelwitte

Motiveer en lei jou kind om **langtermyn spaardoelwitte** te stel in hul begroting, sodat hul **vooruit kan beplan** en spaar vir duurder items.



Spaar van jonks af

Jou kind kan gereed wees vir 'n **spaarrekening**. Banke help ouers om maklik 'n rekening in hul minderjarige kind se naam te open.

Ekonomiese beginsels

Verduidelik konsepte wat jou **huishouding se begroting** beïnvloed, soos inkopies, of om brandstof onkoste te sny deur onnodige motorritte te vermy.

Sakgeld

Ontwikkel **verantwoordelike geldbestuurvaardighede** in jou kind deur sakgeld te betaal waarmee hulle 'n **begroting moet opstel**.

Jou kind se reis na sukses begin met jou.